Rhogozum brevispinosum

E: western rhigozum, simple leaved rhigozum
A: Kortdoring granaat, wilde granaat,
D: Kurzdorn, Gelber Kurzdorn, Narzissenbusch
H: omutakambindu (kan ook omukande ombindu wees ...die een wat bloed laat stol). omunditi
O: ngandu

Wanneer dit lente word, wanneer die eerste reendruppels geval het, verheug die struik ons met sy blommeprag. Tussen die swart, grys en vaal, kaal bome deur skyn sy helder stralende geel kleur. Julle almal, wat in die noordelike helfte van Namibia woon KEN hom en is elke jaar opnuut verstom oor die geel blommeprag. Onderskeidelike struike kan in verskeie skakerings van geel vertoon (ek praat hier nie van verlepte blomme nie).Ons kon waarneem, dat hulle selfs tweekeer blom in een seisoen, as daar 'n redelike lang tydperk tussen die eerste en navolgende reens verstryk het. Hierdie struik is geneig om redelik digte kolle te vorm met nogal indringer-eienskappe. Vandat die veldvure nie meer algemeen is nie, brei dit nogal vinnig uit

Lentekleed

Rhigozum brevispinosum met saadkapsules en blare (somer)

In die verre suidooste van Namibia kom 'n soortgelyke Rhigozum voor,blom ook heldergeel, maar eers in Februarie tot Mei; en dit groei teen klipperige hellings of rivierlope. Sy naam is Rhigozum obovatum (Karoo rhigozum, geel berggranaat). Dit het slegs drie blare bymekaar, nie 'n bondel soos ons s'n hier.

GEBRUIKE

Die stamme van die veelstammige struik kan as dun pale of sparre gebruik word.
In die noorde word dit as geluksbringer beskou as jy die plant in die blomstadium sien (wat sin maak, want watter kleur helder jou gemoed meer op as GEEL!)

blommeprag

Boesmans het dit van blare en dorings gestroop en as grawestokke gebruik. Dit beteken, die hout is hard EN elasties.

Koedoes vreet die blomme, seker maar kleinvee ook.
In party gevalle is die plant gebruik om vee mee te voer.(Daaroor kon ek ongelukkig geen verdere inligting opspoor nie).

In Hereroland-wes is beweer, dat 'n aftreksel van wortels elke aand gedrink help teen water wat in die bene versamel -dik bene- ('n potentiele ontwateringsmiddel?)

As inheemse tuinplant sien ek ook potensiaal: dis redelik gehard, het nie baie sorg nodig nie en verras in die lente met 'n uitbundige blommeprag.
Ongelukkig hou hulle nie in die vaas nie.

"n Bode van HOOP vie die nuwe groeiseisoen.

Inligtingsbronne:
Tree Atlas of Namibia (Barbara Curtis, Coleen Mannheimer)
Trees and Shrubs of Namibia (Le Roux's and Mueller"s Field Guide to....
revised and expanded by Coleen Mannheimer and Barbara Curtis)
Gemsbok bean & Kalahari truffle (Arno Leffers)
Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen)
Teks en fotos: Anka Eichhoff

August 2015